

Weeklikse graanmarkverslag



ISEBE LEZOLIMO
DEPARTEMENT van LANDBOU
DEPARTMENT of AGRICULTURE

Urhulumente Wepondo Intshang Koloni | Provinsiale Regering Wes-Kaap | Provincial Government Western Cape



Bemarking- en Agribesigheidsafdeling

www.elsenburg.com

15 April 2011¹

Carine van Zyl
Tel. (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 15 April 2011 vir koring lewering in Mei was R3025 per ton gelewer te Randfontein.

Kommoditeit	MTM-pryse (15/04/2011) R/mt					Week eindig R/mt (08/04/2011)	Vergelykende verhandelings- dag R/mt (16/04/2010)	% Ver- andering
	Apr-11	Mei-11	Jul-11	Sep-11	Des-11	Apr-11	Apr-10 tot Apr-11	
Koring	2993	3025	3030	3022	2898	3085	2178	37%
Geelmielies	1595	1668	1692	1728	1770	1644	1160	37%
Witmielies	1594	1636	1660	1691	1731	1615	1100	45%
Sonneblom	3860	3880	3965	4065	4161	4018	3289	17%
Sojabone	3110	3110	3169	3210	3270	3152	2530	23%

Bron: SAFEX, 2011

Ligte reënbuie het geval die afgelope week en ook naweek in die somerreënval gebied, Mpumalanga, Limpopo en Gauteng, ook dele in Noordwes en Noord-Vrystaat kan verskeie buie kry. Reën sal in groot dele voortduur tot die naweek en vroeg volgende week begin opklaar.


Graanpryse is steeds hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2010; die prys van koring en geelmielies is 37% hoër, die witmielieprys is 45% hoër. Die weeklikse daling van koring was R92 per ton en die gemiddelde mielieprys is R35 per ton laer. Die sonneblomprys het met R158 per ton gedaal van die vorige week.

¹ Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personele kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.

2. EKONOMIE & ENERGIE

Die oproerigheid in Swaziland duur voort, dit word alreeds vergelyk met die situasie in Noord-Afrika. Die oproering poog om demokrasie na die land te bring, aangesien die land steeds deur 'n koning (die huidige koning, Mswati III) regeer word. Steeds het dit geen noemenswaardige effek op Suid-Afrika se ekonomie nie, maar die situasie word gemonitor.

Die Rand het 2% verswak die afgelope week. Die syfer lyk onbeduidend as in ag geneem word dat die USD-ZAR die geneigtheid het om met ongeveer 10% per dag te verswak in krisis tye - so 'n intradag verhandeling het nog nie sedert 2008 plaasgevind nie. Volgens RMB is die wisselkoers besig om vir 'n nuwe norm, tussen 1-2% aan te pas. Die geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 15 April 2011 waarteen die Rand teenoor die VSA-Dollar verhandel het, was R6.84 (Reserwe Bank, 2011).



Volgens die Reserwe Bank (SARB) is olie-inflasie huidiglik die grootste bedreiging vir die plaaslike ekonomie. SARB skat Suid-Afrika se inflasie teen 4.7% in 2011 en 5.7% in 2012, dit is hoër as die IMF (Internasionale Monetêre Fond) se inflasie projeksies. Die oliepryse was die week redelik onveranderd, verhandelars wag op vars nuus uit die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Volgens *African Development Bank* se hoof ekonoom, sal die gebeure in Noord-Afrika die kontinent se ekonomiese groei onderdruk. Die ekonomieë van Tunisië en Egipte is reeds vermink deur die anti-regerings protes na aanleiding van hoë pryse, werkloosheid en onderdrukking.

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Sedert die finansiële krisis moes die Europese Unie (EU) die skuld las van Griekeland en Ierland dra. Die skuld las tesame met die onsekerheid in die Europese markte plaas die EU in 'n moeilik posisie. Portugal is die nuutste skuld-erkende om aansoek te doen vir 'n 'bailout', dit terwyl die land slegs 'n 'caretaker' regering het (die nuwe regering word eers in Junie verkies). Volgens die *Financial Times* in Londen is daar 'n goeie kans dat die 'bailout' lening uitgebrei kan word. Alhoewel Portugal duidelik in 'n krisis is, toon die land geen aksie om spandering te beperk of om hul ekonomiese struktuur aan te pas nie. Daar is sprake dat Spanje volgende 'n 'bailout' kan aanvra, maar die land het reeds drastiese stappe geneem om tekorte te sny en om die ekonomie te hervorm en sodoende die effektiewe ekonomiese funksionaliteit te bevorder.

SWAZILAND: Afrika se laaste absolute monarg, Swaziland se Koning Mswati III het deur sy buitespore luukse lewenstyl en salaris verlagings van staatsamptenare die nasie tot oproer gedwing.

Mswati het 13 vroue en sy rykdom word op \$100 miljoen geskat, dit plaas hom volgens die *Forbes* tydskrif onder die top 15 rykste monarge ter wêreld. Hy reageer vanaf hy 18 jaar oud is, en reeds vir 24 jaar.

Terwyl Mswati in luuksheid leef, leef ongeveer 70% van die land se bevolking op minder as \$1 per dag. Staats salarisse moet gesny word om vir internasionale lenings te kwalifiseer en sodoende staats besteding te besnoei. Mswati glo in die Westerse mark-gedrewe ekonomiese regulasies, maar weier om sy alleenheersend mag op te gee. Buiten om die hoof van die staat te wees, is dit ook in sy mag om 'n kabinet en 'n premier aan te wys. Politieke partye is reeds in 1973 verban.

¹ Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personele kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.

Die groeiende vraag plaas groot druk op die aanbod van landbou kommoditeite, die verhoogde druk waarborg egter nie 'n permanente prys styging nie. Volgens Mike Lenhoff van *Brewin Dolphin* sal pryse 'n sywaartse tendens aanneem eerder as 'n konstante opwaartse tendens. Verbruikers kan net prys verhogings tot op 'n punt hanteer, veral in 'n omgewing waar salarisse nie inlyn met inflasie styg nie. Produsente poog in die kort termyn om die tekort te beperk deur verhoogde produksie, maar met die groeiende vraag na voedsel sal die teiken waarskynlik nie bereik word nie.

3.1. VSA

Amerikaanse koring is waarskynlik nie in die posisie om die mielie voorraad-gaping te kan vul. Die geleentheid ontstaan dus om voergraad koring vanaf Australië en Europa in te voer. Amerika se koring invoere het oor die afgelope 30 jaar gegroei tot 'n rekord hoeveelheid twee seisoene gelede, nadat produsente koring vervang het in hul rotasiestelsel. Vervanging van mielies met koring kom algemeen in China voor; surplus koring voorrade word opgekoop in Australië en Kanada eerder as om duur mielies in te voer.

Daar word verwag dat lewendehawe produsente die rekord mieliepryse sal teenstaan deur mielies met '*hard red winter*' koring in die voerrantsoene te vervang. Op 'n proteïen aangepaste basis is voergraad koring reeds goedkoper as mielies invoere alhoewel die huidige koring toestande moontlik nie vervanging sal toelaat nie. Rekord bees- en varkpryse beskerm lewendehawe produsente tot op hede van die hoë graanpryse; die gewig moet gemaksimeer word om optimaal voordeel te kry siende die dalende veegetalle.

Volgens Rabobank kan 'n mielies *bushel* vir die eerste keer in 15 jaar 'n hoër waarde hê as koring. Dit is moontlik dat die Chicago koring termynkontrak teen pariteit sal verhandel, soos gebeur het in 1996 toe pryse ook die swak toestand van '*hard red winter*' koring in die VSA ondersteun het. In 1996 was die voorraad-tot-verbruiks verhouding 4.3%, laer as die rekord van 4.5% wat in 1937 aangeteken is. Die verhouding meet die beskikbaarheid van die kommoditeite en sodoende die invloed op die prys. Volgens Goldman Sachs sal Chicago mielies oor 3 maande \$8.60 per *bushel* werd wees teenoor koring wat teen \$7.75 sal verhandel.

3.2. JAPAN

Japan se mikpunt om 50% selfstandigheid in voedselproduksie teen 2020 te bereik is op die agtergrondgeskuif a.g.v die potensiële lang termyn impak van die aardbewings. In die kort termyn lei dit reeds tot verhoogde invoere soos voorspel; die invoere vanaf handelsvennote soos die VSA, Australië, Kanada en China sal waarskynlik verhoog soos Japan poog om met die situasie te stabiliseer. Verder in die toekoms sal die Japanese produksie area soutwater-besoedeling of bestralings probleme ondervind, dit kan ook bydra om die regering se mikpunt uit te stel. Hoë addisionele kostes moet aangegaan word om die plaaslike produksie kapasiteit te hervestig om die invoer afhanklikheid te verlaag.

3.3. RUSLAND

Op 15 Augustus 2010 het die Russiese Premier koring uitvoere verban. Uitvoer kontrakte vir miljoene tonne is gekanseleer, en die wêreld koringprys het met \$100 per ton gelig soos meulenaars, handelaars en staats invoerders probeer het om hul tekorte te beperk of te dek. Rusland regverdig die aksie deur te noem dat dit die land se ergste droogte in 130 jaar was. Mark analiste is oortuig daarvan dat Rusland tot vorige produksie en uitvoer vlakke sal terugkeer, omdat die wêreld Russiese koring benodig.

Internasionale koringverbruik het met 50 miljoen ton oor die afgelope dekade verhoog. Rusland is een van die min lande wat genoeg bewerkbare grond tot hul beskikking het om koringproduksie aansienlik te verhoog. Graanproduksie het verhoog tot meer as 100 miljoen ton in 2008-09. Koring

¹ Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personele kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.

uitvoere het van 2 miljoen ton in 2002 tot 20 miljoen ton in 2008 gestyg. Dit is nie net die hoeveelheid beskikbare grond wat Rusland as 'n aantreklike graanprodusent laat lyk nie, die gronde is van goeie potensiaal en met voldoende insette en better saad kan opbrengs drasties verhoog word. Daar is tot sprake dat uitvoere kan verhoog tot 30 miljoen ton.

United Grain Company (UGC) se fokus het met die uitvoer verbod verskuif na skatting het UGC reeds 8-10 miljoen ton graan vir die staat aangekoop. Die staatsreserwes word weer stelselmatig in die mark vrygestel, in 'n poging om die te keer dat die graanpryse opwaarts beweeg a.g.v die tekort. Die Russiese prys is gemiddeld tussen \$100 en \$150 onder die internasionale vlakke.

Die vleis en voer industrie trek voordeel uit die situasie aangesien hul nie die skerp prys styging vir voer ondervind nie. Die industrie se marktaandeel as uitvoerder kan so vergroot omdat die invoerders se kwotas gesny is. Vleisproduksie het laas jaar met 6% verhoog tot 10.6 miljoen ton, in 2000 was 80% van die pluimveeverbruik ingevoer. In 2010 was die marktaandeel vir ingevoerde pluimvee, vark en beesvleis onderskeidelike 16%, 18% en 24% van verbruik.

In die kort termyn is dit duidelik dat nie net internasionale uitvoer vraag nie, maar ook die plaaslike vraag vanuit die voermark sal aanhou om die uitbreiding te van Russiese graanproduksie te steun. Die land poog om selfvoorsienend te wees in vleis, veral as graanproduksie terug keer na 2008-09 se vlakke.